# DIE SKIPPERTJIE

Nuusbrief van Laerskool Park, Mosselbaai

9/2026 (Skippertjie nr. 59) 13 Maart 2026

## IN HIERDIE UITGAWE


UIT DIE KAJUIT

BELANGRIKE INLIGTING EN UITSLAE

1. Opedag
2. Skoolaansoeke vir 2027
3. Nuwe Beheerliggaamslid
4. Toetsreeks en assessering
5. Atletiek
6. Pretstap
7. Buitemuurs
8. Swem
9. Personeelverjaardae
10. Skoolfonds vir 2026


***"There is no such thing as being a perfect parent, so just be a real one."***

Sue Atkins

## Afrikaanse idioom van die week

**Buig die boompie solank hy jonk is:**

Vorm 'n kind se karakter terwyl hulle nog klein is.

## 2026 SKOOLKWARTALE

**1ste:** 14 Januarie – 27 Maart

**2de:** 8 April – 26 Junie

**3de:** 21 Julie – 23 September

**4de:** 6 Oktober – 9 Desember

## UIT DIE KAJUIT

Verlede week het ek geraak aan 'n baie relevante onderwerp wat tans redelik onder bespreking is, nl. sagte ouerskap *(gentle parenting)*. 'n Bietjie meer hieroor. In kort beteken dit dat die wortel van 'n kind se soms verkeerde gedrag emosioneel probeer verstaan word, in plaas daarvan om gedrag te straf of te beloon. My opinie oor ouerskap is as volg: Natuurlik is daar plek vir emosionele gevoelens wanneer dit by kinders grootmaak kom en die hantering van gedrag. Die probleem kom in wanneer ouers dit te ver vat en hulle kinders jammer kry en verkeerde gedrag goed praat of hulle verkeerde gedrag met verskonings probeer uitsorteer, sonder om verantwoordelikheid te neem. Soms is dit juis nodig dat kinders moet swaarkry sodat hulle leer hoe om reg op te tree. Hulle moet dus die gevolge van hul besluite en gedrag self ervaar. Dit klink dalk verkeerd, maar ons as ouers moenie ons kinders jammer kry en dan alles vir hulle wil doen nie. Ons as ouers se verantwoordelikheid in die lewe is om ons kinders goed groot te maak sodat hulle self eendag verantwoordelike volwassenes kan word wat 'n verskil in die wêreld kan maak. Ons bou dus elke dag aan 'n nalatenskap *(legacy)*. Daar is nie 'n *one-size-fits-all* manier of resep oor hoe om spesifiek te werk te gaan om kinders groot te maak of dit wat kinders soms doen of ervaar te hanteer nie. Dit is dan wanneer ons sterk moet staan, mekaar moet ondersteun en aanmoedig om altyd positief in ons optrede te wees, sonder om iets of iemand anders te blameer. Die belangrikste bestanddeel van kinders groot maak is om of ons gee, of straf, of vermaan of prys altyd uit 'n oogpunt van liefde te doen. Baie sterkte met u reis deur ouerskap. Dit is nie altyd maklik nie, maar altyd die moeite werd. Seën vir almal.

*Dr. André Smith*

## BELANGRIKE INLIGTING EN UITSLAE

**1. Opedag vir graad RRR, RR, R en 1 van 2027 – 14 Maart**

Ons Opedag vind op **Saterdag, 14 Maart 2026 om 09:00** plaas. Alle voornemende graad RRR, RR, R en 1 ouers en leerders van 2027 word uitgenooi. Stuur ook asb. vir u vriende en kennisse aan.

**2. Skoolaansoeke vir 2027**

Let asb. daarop dat die WKOD se aanlyn-skoolaansoekproses reeds op 10 Maart geopen het. Gr R, 1 en 8 aansoeke vir 2027 kan tot en met 14 April gedoen word. Ouers word versoek om so spoedig moontlik met die proses te begin. Leerders wat reeds in Laerskool Park is hoef nie weer aansoek te doen nie. Indien enigeen hulp daarmee benodig kan die skoolkantoor geskakel word.

**3. Nuwe Skoolbeheerliggaamslid**

Die SBL-tussenverkiesing het hierdie week plaasgevind. Baie dankie aan al die ouers wat gestem het. Die stempersentasie was 25,91%. Baie geluk aan mnr. Daniël Smit wat die meeste stemme behaal het. Ons sien uit na sy bydrae om van die skool 'n beter plek te maak.

## Kontak ons:

Kaapweg 49 Mosselbaai
Posbus 96, Mosselbaai, 6500
Tel: 044 691 1020/1
Epos: navrae@lspark.co.za
www.laerskoolpark.co.za


### VOLGENDE WEEK SE PROGRAM

Ma. 16 Mrt: Toetsreeks: Afrikaans Gr. 4-7
Di, 17 Mrt: Toetsreeks: NW Gr. 4-7
Wo, 18 Mrt: Toetsreeks: Engels Gr. 4-7
Do, 19 Mrt: Toetsreeks: Gesk. Gr. 4-7
Vr, 20 Mrt: SA Atletiek (Stellenbosch)
Tennis: Eden o/10-proewe
Sa, 21 Mrt: PRETSTAP
SA Atletiek (Stellenbosch)
Tennis: Eden o/10-proewe




### BANKBESONDERHEDE

Naam: Laerskool Park
Bank: Standard Bank
Rekeningnommer: 060822643
Tipe rekening: Business Current Account
Takkode: 051001 (George)
Verwysing: Familiekode

**4. Toetsreeks en assesserings**

Die toetsreeks vir graad 4-7 leerders is steeds aan die gang. Ouers word versoek om seker te maak dat leerders goed voorbereid is vir elke dag se vraestel. Dit is baie belangrik dat alle leerders elke dag skool sal bywoon. Leerders in graad 1-3 is ook besig met kwartaalassesserings. Enige afwesigheid tydens die toetsreeks en assesserings moet met 'n doktersbrief gepaard gaan.

**5. Atletiek**

Ons atlete het puik gevaar tydens die Wes-Kaap Kampioenskappe. Die uitslae was:

- Mia Rossouw: 3de Hoogspring
- Miané Schutte: 3de Diskus; 4de Gewigstoot; 7de 75m Hekkies
- Avaro Potgieter: 4de Spiesgooi
- Daniël Pienaar: 8ste Spiesgooi
- Mia Brönn: 9de 800 m
- Derich Wessels: 11de Gewigstoot
- Johan Swanepoel: 11de Gewigstoot
- Elrie Britz: 11de Verspring
- Jesse Damons: 5de in uitdun – 200 m Hekkies
- Aaron Baron: 5de in uitdun – 100 m

100% Parkies

Baie geluk aan al hierdie atlete met 'n mooi seisoen. Mia en Miané is in die Wes-Kaapspan ingesluit en gaan volgende naweek aan die SA kampioenskappe te Stellenbosch deelneem. Baie sterkte!

NB!

**6. Pretstap – 21 Maart**

Die OOV is hard aan die werk en organiseer ons jaarlikse Pretstap. Dit vind op Saterdag, 21 Maart plaas. Die *golden tickets* is reeds beskikbaar en kan op die D6-stelsel aangekoop word. Kyk uit vir die inligting van al die aktiwiteite wat daardie dag beplan word. Ons sien uit om u almal by die Pretstap te sien. Onthou ook om die lootjielyste terug te stuur. Baie dankie vir almal se ondersteuning.

**7. Buitemuurs**

Ons het reeds met ons wintersportprogram begin. Raadpleeg die rooster sodat u weet wanneer u kind oefen en moedig asb. u kind aan om deel te neem. Dit dra baie by tot leerders se fisiese en sosiale ontwikkeling. Die ander aktiwiteite wat deur die jaar plaasvind gaan ook steeds aan.

**8. Swem**

Tydens die SA vlak 2 streekskampioenskappe vir die Wes-Kaap het Markus van Schoor twee goue, een silwer en een brons medalje behaal. Liné Schoeman het drie goue en twee brons medaljes behaal. Baie geluk.

**9. Personeelverjaardae**

Baie geluk aan die volgende personeel wat verjaar:




- 14 Maart: Joslin Marais
- 16 Maart: Cara Cilliers
- 17 Maart: Wilri Vorster
- 18 Maart: Anri Odendaal

Mag u 'n geseënde jaar beleef.

**10. Skoolfonds vir 2026**

- **Graad 1 – 7: R14 400 per jaar**
- **Graad R: R14 800 per jaar**
- **Graad RR: R16 000 per jaar**
- **Graad RRR: R19 500 per jaar**



Baie dankie aan al ons ouers wat getrou hul skoolfonds betaal.
**(Maak asb. seker u gebruik die nuwe bankrekening.)**

**LAERSKOOL PARK**

## PIKKEWOUTERS

# OPEDAG

**GRAAD RRR - GRAAD 1**










## 14 Maart 2026

9 uur, in die skoolsaal

Kaapweg 49, Mosselbaai

Park Pikkewouters


FAMILIE
Kleur-Pretstap
2026
Saterdag, 21 Maart 2026
06:30
Laerskool Park
Stap om die punt
Springkastele / Waterglybane
Kaskarwedrenne
Potjiekoskompetisie
Kos- en ander verkope
R50
Gr. RRR - Gr. R
R70
Gr. 1 - Gr. 7
Ekstra kleurpoeier @ R5
Dit sal beskikbaar wees by die beginpunt
van die stap.
Koop jou golden ticket en kry 'n pakkie kleurpoeier by vir
die pretstap. Pryse verskil volgens aktiwiteite. Golden
Tickets is op D6 beskikbaar!
PARK


ENTER ON QUICKET:
HEMELROOD EASTER HUNT
JAKKALSVLEI
EASTER HUNT
SUNDAY
5 APRIL
10:00-14:00
R145
PER PARTICIPANT
JAKKALSVLEI
HERBERTSDALE
RESTAURANT BOOKING ESSENTIAL | Takeaway area on the grass downstairs will be open
Tel: 044 333 0222 | info@jakkalsvlei.co.za | www.jakkalsvlei.co.za
HIPPITY HOPPITY
PROCEEDS WILL GO TOWARDS THE HERBERTSDALE SCHOOL BUS


M-ORTGAGE.COM
Property Finance
Best Rate & Deal
WORLDWIDE
First-time home buyers
Building a profitable property portfolio
Building Loans
Families upgrading their homes
Clients looking to refinance
Salaried and self-employed applicants
South Africans living / working abroad
See why South Africans trust us.
Results speak louder than words.
www.m-ortgage.com
info@m-ortgage.com
065 827 8898

# LIMIT SCREEN TIME BEFORE BED



NIEK HARTEVELD
OOGKUNDIGE/OPTOMETRIST

BLUE LIGHT CAN DISRUPT SLEEP AND CAUSE EYE
FATIGUE

19 RYK TULBACH STR, DA NOVA, MOSSEL BAY
WHATSAPP **066 562 6754** OR PHONE **044 695 1688**

# LAERSKOOL PARK NASORGSENTRUM

**VANAF JANUARIE 2026**

R 900 per maand
13:00 - 17:30

**REGISTREER NOU**



Navrae: 044 691 1020

Inskrywingsvorm by skool of op die webblad beskikbaar